# Tjokkie WEEKBLAD

19 Julie 2024 Uitgawe: 2/3/2024

## UIT DIE KANTOOR

Vandag is Bok-Vrydag en wat 'n lekker atmosfeer is daar nie by die skool nie. Ons eie motiveerder, *"Booysen-sekuriteit"*, het almal reeds van vroeg af met *"GO BOKKE!"* by die hek verwelkom. Voorwaar 'n entoesiastiese bok-ondersteuner.

Ek was self bevoorreg om gister saam met Duane Vermeulen vir 'n paar minute te kon kuier. Hy het my verseker dat die manne slaggereed is vir hierdie naweek se kragmeting teen Portugal. 'n Hele paar voormalige junior Cheetah-spelers draf dan ook hierdie naweek vir die bokke uit.



**Buitelugskool**
Die Gr. 6-leerders was hierdie week by die Buitelugskool. Alhoewel dit koud was, het hulle dit verskriklik baie geniet. Baie dankie aan die personeel en ouers wat dit vir hulle moontlik gemaak het om dit te kon bywoon. Die lesse wat hulle daar geleer het, sal verseker nog lank by hulle bly.

**Hokkieliga**
Die hokkieliga het hierdie week afgeskop met wedstryde teen Onze Rust Primêre Skool. Die wedstryde wat teen St Michael's sou plaasvind, is geskuif na 'n nuwe datum. Die wedstryde wat die Gr. 6-leerders sou speel, sal ook later ingehaal word.

Baie dankie vir ouers se geduld rondom die vervoer van die leerders na die onderskeie oefenvelde. Dit is maar vir ons 'n uitdagende oefening, maar ons hou u op hoogte via die whatsapp-groepe van enige skielike veranderinge. Hou dus u foon dop vir enige kennisgewing wat gestuur word.

**Oueraand**
Graag herinner ek ouers aan die oueraand wat op Dinsdag, 23 Julie plaasvind. Kontak asb. die kantoor om 'n tydgleuf by u kind se klas-/vakonderwyser te bespreek, indien u 'n behoefte het.

# ANDER

**Personeelsake**

Namens die skool wens ons mnr. Hermann Davin en sy vrou Francé baie geluk met die geboorte van hul seuntjie. Klein Hermann het Sondag, 14 Julie sy opwagting gemaak. Mnr. Hermann sal tot Woensdag, 24 Julie afwesig wees. Dankie aan mnr. Jan-Louis Venter wat tans in sy klas waarneem.

Ouers moet asb. kennis neem dat mnr. Arthur Williams vir die volgende 3 weke nie by die skool gaan wees nie. Hy vergesel sy vrou na Frankryk vir die Olimpiese Spele waar sy as deel van die Universiteit van die Vrystaat se span gaan werk wat atlete toets vir die gebruik van onwettige middels en opkikkers.


Gelukkig kon ons die dienste van 'n ervare onderwyser, mev. Anita Chad, voormalige Departementshoof by Primêre Skool Fichardtpark bekom. Sy sal in mnr. Arthur se klas waarneem.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 23 Julie | Gr.1-7 Oueraand |
| 24 Julie | Pom-pom optrede (Brandfort) |
| | o/12 seuns vs Onze Rust |
| | o/12 en o/13 meisies teen St Michaels |
| 25 Julie | Hokkieliga vs PBS |
| 26 Julie | Leerderraad uitstappie |
| 27 Julie | Eunice Hokkie Festival |

# VERJAARSDAE

Geen



# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Gereeld sal mense die volgende waarheid sê: "Trots kom voor die val" (wat 'n aanpassing van Spreuke 16:18 is). Maar wat is trots? En hoe kan ons keer dat ons nie val nie? Die volgende paar stellings gaan die twee teenpole, trots teenoor nederigheid uitwys:

Trots: "Ek het 'n fout gemaak, maar ek is te bang, skaam of kwaad om te erken dat ek verkeerd was."

Nederigheid: "Ek het 'n fout gemaak en ek gaan ten spyte van my vrees, skaamte of humeur erken dat ek verkeerd was en om verskoning vra.'

Trots: "Ek moet my probleme wegsteek en dit op my eie dra."

Nederigheid: "Ek praat met betroubare mense oor my probleme en laat toe dat hul my ondersteun."

Die hartseer van trots is dat dit ons isoleer. Aan die ander kant bring nederigheid vertroue tussen mense en bou verhoudings. Prediker 4:12 noem juis dat alleenheid jou kan oorweldig, maar saam met Jesus en Christen-vriende kan jy staande bly. Nederigheid is nie aldag maklik nie, dit vereis 'n eerlike selfevaluasie met die beginpunt: 'Dalk was ek nie so reg as wat ek aanvanklik gedink het nie."

Kom ons probeer dus minder trots wees terwyl ons eerder die volgende bevrydende waarheid uitleef: "Nederigheid kom voor 'n vol lewe!"

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Na vele navrae van ouers en grootouers, het die Kaalvoetkafee-koopkaart nou die fasiliteit dat twee persone gekoppel kan word aan 'n rekening. Beide kan dus ook geld deponeer aanlyn tot die rekening. Navrae kan gerig word per epos of via whatsapp aan die Kaalvoetkafee.

Die Kaalvoetkafee se verskaffers staan reg om julle van diens te wees met uitmuntende bakwerk. Bestel julle verjaardagbederfies volgens tema en dit word sommer by die klasse afgelewer.

Spesiale bederfpakkies word ook opgemaak en afgegee waar nodig. Gesels gerus met ons dan stel ons 'n spesiale bederfie saam! Van kolwyntjies, tema-koeke, bedrukte koeke, roomyskoeke, lekkergoed, roomys, koeldranke, slushie, hot chocs, milkshakes en vele meer. Kontak ons via whatsapp vir foto's en pryse.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Alle pappas: Tjokkies maak staat op julle. Kom ondersteun ons projek en bring sommer baie vriende saam, want:

***Hierdie knipmesbraai gaan nie net oor braai nie, dit gaan oor die aansteek van die vuur van die Tjokkie-gemeenskap. Dit is 'n aand van kameraadskap, lag en teruggee – waar elke gesprek die bande versterk wat ons gemeenskap bind.***

***Kom sluit aan by die Tjokkiefamilie, proe die passie en wees deel van iets groter as 'n braai. Opbrengste bevorder die ontwikkeling van ons nuwe sportgronde en ondersteun ook so die behoud van ons sportkultuur vir ons volgende generasie Tjokkieleerders.***

Sluit in: 'n Knipmes, goeie samesyn en skaap op die spit.

Kry jou kaartjies sommer nou deur e-pos te stuur na bemarker@tjokkies.co.za

Kaartjie R350.00 per persoon



## SNUFFELS


OUERLEIDING
Saterdag 3 Aug
09:00–12:00
R150 PP
Sluit tee tyd versnappering in
KINDER TOESIG
R50 PP
(SLEGS KINDERS BO 4JR)
PLEK: KERUGMA KERK
41 B DRAKENSBERG AVE, LANGENHOVEN PARK, BFN.
Arbeidsterapie en Dieetkunde gebasseerde inligting
Temas:
• Morele en emosionele ontwikkeling van kinders 0 tot 18 jaar.
• Stil nag, helder dag: Die wetenskap van slaap in kinders.
• Gesonde eetgewoontes in kinders.
Watsapp Bernise Theron by 0835609004 vir besprekings
Aangebied deur ARK Gemeente


Lekker kosse, wat vars gemaak word:slap tjips, chicken strips, toasties, pizzas,heerlike vars gebak ens.
SPESIAAL VIR HONGER KINDERS EN HAASTIGE OUERS
ONS IS OOP LOUIS BOKSTRAAT @TJOKKIES OORKANT TJOKKIES 0785011495
NESSIE
KUIER MET KLEUR & GEUR
1
Volg ons op Facebook
2
whatsapp 0785011495 om meer te weet van Nessie se kosbestellings en specials
3
Ons kan u kos bestelling gereed hê vir afhaal, naskool of na buitemuurs.
4
Nessie is oop Maan.-Vry. Heerlike sit geriewe as kinders sport doen.


BLOEMFONTEIN
MOTORS
www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174